education

Department of Education
FREE STATE PROVINCE

# GRAAD ~~7~~ 6

# SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

## NASIENRIGLYNE

## JUNIE 2025

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit TWEE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| **Afdeling A:** | 'n Afrika-koninkryk lank gelede in Suider-Afrika: Mapungubwe | [15 punte] |
| **Afdeling B:** | Ontdekkingsreisigers van Europa vind Suider-Afrika | [35 punte] |

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 5 bladsye.

## AFDELING A: 'N AFRIKA-KONINKRYK LANK GELEDE IN SUIDER-AFRIKA: MAPUNGUBWE

### Vraag 1

1.1

1.1.1 B. ✓ Om te boer en ivoor te verhandel (1)

1.1.2 D. ✓ Hulle het groter en meer kompleks geword (1)

1.1.3 B. ✓ Schroda en K2 (1)

1.2 Argeoloë het artefakte soos glaskrale en ivoor gevind ✓ (wat wys hoe hulle geleef het.) (1)

**[4]**

### Vraag 2

2.1 Die koning en sy familie het bo-op die heuwel gewoon ✓
Gewone mense het onder die heuwel /
Aan die voet van die heuwel gewoon ✓ (2)

2.2 Enige TWEE van die volgende redes:
Die koning was 'n heilige leier en moes van gewone mense geskei word ✓
Om hom te beskerm ✓ en/of
toon sy belangrikheid / mag (2)

2.3 Goue voorwerpe en skatte is in hul grafte gevind ✓ (1)

2.4 'n Goue septer is in die graf gevind, wat wys dat hy die heerser was ✓
OF
'n Man is begrawe met sy hande wat 'n goue septer vashou (1)

2.5 Goue renoster / goue bak / goue krale (Enige EEN) ✓ (1)

2.6 Hulle het met Arabiese handelaars oor die Indiese Oseaan handel gedryf ✓.
Hulle het goedere soos ivoor, goud en dierevelle na die kus gestuur ✓.
Hulle het dit verruil vir glaskrale, lap en erdewerk uit Indië en China.✓
(3)

2.7 Om ou goed / voorwerpe / plekke veilig te hou of te bewaar
sodat ons oor die verlede kan leer. ✓ (1)
OF
Om historiese bewyse en erfenis te bewaar
(Enige relevante verduideliking)

**[11]**

**TOTAAL AFDELING A: 15**

## AFDELING B: ONTDEKKINGSREISIGERS VAN EUROPA VIND SUIDER-AFRIKA

**Vraag 3**

3.1 Enige relevante definisie:
Die Renaissance was 'n tyd in Europa waartydens baie nuwe idees ontwikkel is. ✓ (1)

3.2 Italië ✓ (1)

3.3 Enige EEN van die volgende: ✓ (1)
- Die drukpers het mense gehelp om baie kopieë van boeke te maak, sodat idees vinniger kon versprei. /
- Reisigers en handelaars het ook gedeel wat hulle geleer het. /
- Idees word versprei deur boeke, reise en mense wat met mekaar praat.

**[3]**

**Vraag 4** (Merk slegs 4.1 of 4.2)

**Vraag 4.1: Leonardo da Vinci**

4.1.1 C. Mona Lisa ✓ (1)

4.1.2 Vals ✓ (1)

4.1.3 Vliegmasjien ✓; Het soos 'n helikopter gelyk ✓ (2)
OF
Wapens – het soos 'n tenk gelyk

4.1.4 Om te verstaan hoe die liggaam werk ✓ (vir sy skilderye / uitvindings) (1)
(Enige relevante verduideliking)

4.1.5 Sy studies het gehelp om wetenskap en medisyne te verbeter ✓ (1)
OF
Hy het mense gehelp om meer oor die liggaam te leer en/of
Hy het slim idees uitgedink wat toekomstige wetenskaplikes gehelp het.
(Enige relevante verduideliking)

**[6]**

**OF**

**Vraag 4.2: Galileo**

4.2.1 B. Teleskoop ✓ (1)

4.2.2 Vals ✓ (1)

4.2.3 Jupiter se mane OF Berge op die maan ✓ (1)

4.2.4 Mense het geglo dat die Aarde die middelpunt van die sonnestelsel was ✓ (1)

4.2.5 Enige relevante verduideliking: ✓ (1)
-Hy is kwaad dat Galileo gesê het die Aarde beweeg om die Son, wat anders was as wat die Kerk geglo het. /
-Die spotprent wys hoe die Kerk nie Galileo se nuwe idees aanvaar het nie. /

-Die kerkman is kwaad omdat Galileo iets nuuts gesê het waarvan die Kerk nie gehou het nie.

4.2.6 Enige relevante verduideliking: ✓ (1)
- Hy het verander hoe mense die heelal sien. /
- Hy het wetenskaplike denke ondersteun. /
- Sy ontdekkings het mense gehelp om die sonnestelsel beter te verstaan en het verander hoe ons oor ruimte en wetenskap dink. /
- Hy het mense gehelp om die waarheid oor die ruimte te leer en hoe die Aarde om die Son beweeg.

**[6]**

**Vraag 5**

5.1 Magnetiese Kompas ✓ (1)

5.2 Buskruit ✓ (1)

5.3 Karveel ✓ (1)

**[3]**

**Vraag 6**

6.1 Om ryk te word ✓ uit die speseryhandel. ✓ (2)

6.2 Dit het gewys dat daar 'n seeroete om Afrika was.✓ (1)

6.3 Enige relevante verduideliking: ✓✓ (2)
Diaz en sy manne het vars water uit 'n stroom geneem sonder om die Khoikhoi, wat daar gewoon het, te vra. Die Khoikhoi was kwaad en het klippe na die matrose gegooi. 'n Geveg het tussen hulle uitgebreek./
Hulle het water geneem sonder om te vra, en die Khoikhoi het kwaad geword en met sy manne geveg./
Hulle het geveg; daar was konflik tussen die matrose en Khoikhoi

6.4 Hy het 'n seeroete na Indië gevind. ✓
Hy het waardevolle goedere teruggebring ✓ (2)

6.5 Aanvaar beredeneerde antwoorde. Ken slegs 'n punt toe indien die rede toepaslik is. ✓ (1)
**Positief:** Hulle het nuwe seeroetes gevind, wat lande gehelp het om handel te dryf.
**Negatief:** Hul reise het ook tot kolonisasie gelei, waar Europese lande grond geneem en plaaslike mense seergemaak het./

(Dit was positief, want hulle het nuwe plekke gevind om handel te dryf, of negatief, want hulle het grond afgeneem van mense e nook die mense wat daar gewoon het, seergemaak.)

**[8]**

**Vraag 7:** Paragraaf **[5]**

| Vlak | Beskrywing | Punte |
|---|---|---|
| **Vlak 1** | Die paragraaf toon min of geen begrip waarom die Europeërs die wêreld wou verken nie. | 0–1 |
| **Vlak 2** | Die paragraaf bevat 2 punte, maar is dalk nie goed georganiseerd nie. Toon 'n mate van begrip van waarom die Europeërs die wêreld wou verken. | 2–3 |
| **Vlak 3** | Gebruik duidelike en akkurate inligting in 'n goed gestruktureerde paragraaf. Sluit 'n onderwerpsin, ten minste 3 punte en 'n slotsin in. Toon goeie begrip van waarom die Europeërs die wêreld wou verken. | 4–5 |

Moet insluit:
- Onderwerpsin ✓
- Ten minste 3 korrekte redes vir verkenning (bv. rykdom, handel, speserye, nuuskierig oor nuwe lande, verspreiding van godsdiens, ens.) ✓✓✓
- Slotsin ✓

**Modelparagraaf:**

**Tydens die Renaissance het Europeërs om baie redes begin om die wêreld te verken.** Een rede was dat hulle nuwe handelsroetes na Asië wou vind om speserye, sy en ander waardevolle goedere te verkry. Dit het verkenning aangemoedig omdat hulle rykdom en wins deur die speseryhandel gesoek het. ’n Tweede rede was hul nuuskierigheid en begeerte om nuwe kennis te verkry oor onbekende lande, mense en seeroetes. Hierdie gees van ontdekking het tot meer reise oor die oseane gelei. ’n Derde rede was dat Europeërs hul godsdiens na ander wêrelddele wou versprei. Sendingwerk het skepe laat vaar na verre lande om die Christelike geloof te verkondig. Hierdie redes saam het veroorsaak dat Europese lande meer aktief begin deelneem het aan ontdekkingsreise.

OF

Verkenning is wanneer mense reis om nuwe plekke te leer ken. Tydens die Renaissance wou Europeërs die wêreld verken om baie redes. Een rede was dat hulle speserye en ander goedere wou kry om mee handel te dryf en geld te maak (ryk te word). ’n Ander rede was dat hulle ’n seeroete na die Ooste wou vind, want die landroete was duur omdat hulle belasting moes betaal. Europese leiers en sendelinge wou ook die Christelike geloof na ander dele van die wêreld versprei. Hulle wou ook meer van die wêreld weet. Europeërs het nie baie van die wêreld geweet nie, en hulle was nuuskierig om meer uit te vind oor ander plekke. Daarom het ontdekkingsreise baie belangrik geword tydens die Renaissance.

**AFDELING B TOTAAL: 25 PUNTE**
**GROOTTOTAAL: 40 PUNTE**